



Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
Dept. Van Onderwys en Sportontwikkeling
Dept. of Education and Sport Development
NOORDWESPROVINSIE

**PROVINSIALE
ASSESSERINGSTAAK**

GRAAD 11

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

JUNIE 2019

NOORDWES

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Leesbegrip	(30)
AFDELING B: Opsomming	(10)
AFDELING C: Taal	(40)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	30 minute
AFDELING C:	40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.



AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel hieronder deur en beantwoord die vrae.

TEKS A**O togga, 'n gogga!**

'n Kykie na die rare sespotige wesentjies wat die aarde saam met ons bewandel.

- 1 'n Insek is baie meer as net 'n skepseltjie wat vir kwaadgeld op die aarde rondloop. Hulle is werklik wonderlike organismes op pote. Ons planeet behoort aan dié goggas, al besef ons dit nie.
- 2 Waar op aarde sal jy tog 'n plek vind waar g'n gogga jou sal pla nie? Geen lastige vlieë wat jou soggens vroeg uit die bed jaag en geen mislike muskiete wat jou byt nie? Nou ja, gebiede sonder muskiete en selfs huisvlieë bestaan wel, maar dan is daar weer allerhande ander kriewelende kruipers wat jou gaan pla. Die blyplek van insekte strek oor ons hele planeet. 5
- 3 Daar is insekte wat die vrieskoue van die poolstreke en die hoogste berge kan trotseer en ander wat in woude en kokende woestyne bly. Party soorte is heel tuis in varswaterpoele en -strome. Sommige lewe selfs in warmbronne by 60 grade Celsius, terwyl daar ook insekte is wat in donker grotte woon en nooit 'n enkele sonstraal sien nie. 10
- 4 Alle insekte is darem nie so lastig soos huisvlieë en muskiete nie. Party, soos die bye, tel selfs onder ons grootste bondgenote want hulle bestuif die plante wat vir ons kos moet voorsien. 15
- 5 Selfs misvlieë en brommers is nie sonder enige nut nie, want hul larwes of maaiers verteer die uitwerpsels van mense en diere wat ons wêreld andersins lelik sou kon bemors het. 20
- 6 Minstens 800 000 spesies is reeds wêreldwyd opgeteken en insektekundiges (entomoloë) reken dat maklik net soveel of nog meer



ontdek kan word. Insekte vorm negentig persent van die diereryk.	
7	Hierdie grillerige goggabies kom in alle vorms en groottes voor. Sommige piepklein parasitiese insekte is kleiner as 'n kwart van 'n millimeter lank wanneer hulle volgroeid is, terwyl minstens een fossielspesie, wat aan die naaldekokers verwant is, 'n vlerkspan van meer as 60 cm gehad het. 25
8	Insekte oorleef maklik in 'n droë omgewing, waar organismes dit nie kan bekostig om te veel van hul liggaamsvog te verloor nie. Hierdie diertjies beperk waterverlies met 'n "geraamte" wat nie aan die binnekant sit nie maar aan die buitekant. Dit vorm 'n harde dop of huidskelet saamgestel uit 'n horingagtige bestanddeel genaamd chitien, wat waterdig en onbuigbaar is. 30
9	Vlieënde insekte se vlerke is die sleutel tot hul sukses, omdat hulle daarmee oor groot gebiede kan versprei, nuwe omgewings kan inneem en nuwe voedselbronne kan benut. Vlerke beteken ook dat hulle vinnig van hulle vyande kan ontsnap. 35
10	Die meeste spesies is besonder rats. Só het die huisvlieg byvoorbeeld 'n reaksietyd van 'n vyftigste van 'n sekonde, teenoor die menslike reaksietyd van slegs sowat 'n kwart sekonde. As jy 'n vlieg wil doodslaan, lyk jou hand se beweging soos iets vir ons lyk wanneer ons dit in stadige aksie in rolprente sien. 40
11	'n Insek se liggaam is heeltemal anders saamgestel as dié van die mens. Sy hart sit byvoorbeeld naby sy rug en hy het nie verskillende bloedvate soos ek en jy nie. Uit 'n enkele groot slagaar wat van die hart af deur die bors loop, word die bloed deur die hele liggaam versprei. 45
12	Die oë van insekte vertel boonop vir ons dat hul manier van sien moontlik baie anders moet wees as ons eie. Aan die kop van 'n tipiese insek is 'n paar groot saamgestelde oë. Daar is ook drie enkelvoudige oë bo-op. Dit laat 'n mens wonder wat 'n insek dan sien. 'n Mosaïekbeeld van die voorwerpe om hom? Dit is natuurlik ook moontlik dat die insek se brein alles op 'n sekere manier tot een beeld saamvoeg. 50
13	Maak dus maar vrede met die goggabies. Hulle is hier om te bly en elkeen het sy werk hier op moederaarde. 55

[Verwerk uit: www.mieliestronk.com]



LET WEL:

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Kies die antwoord wat NIE KORREK is NIE. Skryf net die vraagnommer (1.1) en die antwoord (A–D) neer, bv. 1.1 E.

Die hoofopskrif: “O togga, ‘n gogga!” is effektief omdat dit:

- A die gebruik van alliterasie dit beklemtoon.
- B ‘n uitroep is.
- C ‘n vraag vra.
- D emotiewe taal is. (1)

1.2 Haal EEN woord uit paragraaf 1 aan wat aandui dat iemand sommer doelloos rondloop. (1)

1.3 Skryf ‘n sin uit paragraaf 2 neer wat beteken dat daar amper oral op die aarde insekte voorkom. (1)

1.4 Watter woord in paragraaf 3 staan in KONTRAS met “vrieskoue”? (1)

1.5 Insekte kom in poolstreke en woestyne voor.
Noem nog TWEE plekke waar insekte volgens paragraaf 3 voorkom. (2)

1.6 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.
Volgens paragraaf 4 is bye ons “**bondgenote**” wat beteken dat hulle (saam met ons/teen ons) werk. (1)

1.7 Lees weer paragraaf 4. Noem EEN baie belangrike taak wat bye verrig. (1)

1.8 Verduidelik waarom die stelling hieronder ONWAAR is.
Misvlieë en brommers is glad nie nuttig nie. (1)

1.9 Vul die ontbrekende GETAL in die sin hieronder in.
Daar kom ongeveer ... insekte spesies op aarde voor. (1)

1.10 Gebruik van die woorde in die woordbank om die sinne mee te voltooi.

plante, mense, spinnekoppe, insekte

1.10.1 Daar is baie meer insekte as ... op ons planeet. (1)

1.10.2 ‘n Entomoloog is iemand wat ‘n studie van ... maak. (1)




- 1.11 Dink jy daar is vandag nog naaldekokers met 'n vlerkspan van 60 cm. Motiveer jou antwoord uit paragraaf 7. (1)
- 1.12 Insekte het 'n harde dop of huidskelet. (paragraaf 8)
Noem EEN belangrike funksie daarvan. (1)
- 1.13 Hoe word insekte deur hul vlerke bevoordeel? (1)
- 1.14 Waarom dink jy is dit so moeilik om 'n vlieg met jou hand raak te klap? (1)
- 1.15 Noem TWEE maniere waarop die liggaam van 'n insek verskil van dié van 'n mens. (paragraaf 11) (2)
- 1.16 Die woord "hart" in die sin hieronder word DENOTIEF gebruik. Verduidelik wat dit beteken.
Sy hart sit byvoorbeeld naby sy rug ... (1)
- 1.17 Hoeveel saamgestelde oë het 'n insek? (1)
- 1.18 Die sin hieronder is 'n MENING. Watter woord in die sin dui aan dat dit 'n mening is.
Dit is natuurlik ook moontlik dat die insek se brein alles op 'n sekere manier tot een beeld saamvoeg. (1)
- 1.19 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.19) en die antwoord (A–D) neer, bv. 1.19 E.
Hierdie artikel is geskryf om:
A mense bang te maak.
B insekte te adverteer.
C meer inligting oor insekte te verskaf.
D idees te gee hoe om insekte uit te roei. (1)
- 1.20 Gee jou mening oor die volgende stelling.
Insekte is belangrik vir die omgewing. (1)



**KAART EN GRAFIEK
TEKS B**

Bestudeer die kaart en grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Aangemelde gevalle van malaria in die tydperk 1971 – 1999					
	1971	1981	1991	1998	1999
A A N G E M E L D E G E V A L L E				26449	50292
		2345	4698		
	364				
STERFTES	5	9	19	198	386

[Verwerk uit: www.mieliestronk.com]



- 1.21 Op watter kontinent kom daar die meeste gevalle van Malaria voor? (1)
- 1.22 Vul die woord wat uitgelaat is in.
Indien jy in Afrika woon is jou kans baie ... om Malaria op te doen. (1)
- 1.23 Noem enige kontinent waar daar geen Malaria voorkom nie? (1)
- 1.24 Hoeveel mense het gesterf in die jaar toe 26 449 gevalle van Malaria aangemeld is? (1)
- 1.25 Gedurende watter jaar is die meeste gevalle van Malaria aangemeld? (1)
- 1.26 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.26) en die antwoord neer.
Hoe meer gevalle van Malaria aangemeld is hoe meer het die aantal sterftes (toegeneem/afgeneem). (1)
- 1.27 Daar sal moet opgetree word om te keer dat Malaria meer mense benadeel. Wat dink jy kan gedoen word om te keer dat meer mense siek word? (1)

TOTAAL AFDELING A: 30



AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

INSTRUKSIES

1. Som **SEWE wenke om muskiete weg te hou**, in jou eie **VOLSINNE** op.
2. Skryf die wenke puntsgewys neer.
3. Skryf slegs **EEN** wenk per sin neer.
4. Nommer die wenke van 1 tot 7.
5. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
6. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van jou opsomming aan.

TEKS C**REËNTYD IS MUSKIETTYD!**

Muskiete mag dalk klein wees maar kan oneindig baie probleme vir mense veroorsaak. Hulle is draers van baie gevaarlike siektes. Hier volg 'n paar wenke hoe jy jouself teen muskiete kan beskerm.

Muskiete floreer in klam omgewings. Hulle broei uit in stagnante waterpoele, plantpote en vore langs die huis en selfs op die stoep. Wanneer dit reën bly daar dikwels poele water rondom die huis staan. Dreineer staande water uit die grond of grasperke. Met hulle piepklein lyfies glip die karnallies deur selfs die kleinste gaatjies. Jy kan jou huis se vensters met gaas bedek om hulle uit te hou. Jy moet net gereeld die gaas ondersoek dat daar nie groot gate in is nie.

Ons is altyd gereed om al wat gogga is, rondom ons huis dood te maak. Sommige van hierdie geitjies, akkedisse en spinnekoppe vang muskiete en behoort nie uitgeroei te word nie. Trek langbroeke en langmouhemde aan wanneer jy in die veld gaan stap.

Daar is deesdae baie nuwe produkte om muskiete te verjaag op die mark. Jy kan elektriese insekweerders installeer. Hierdie toestelle verdryf muskiete met klankgolwe. Plante wat skerp ruik soos basilliekruid en laventel skrik muskiete af. Plant van hierdie plante wat skerp reuke versprei naby jou huis.

Muskietspoel is by die meeste supermarkte en handelaars te kry. Brand hierdie spoel om jou huis om die karnallies te verdryf. Só beskerm jy jouself teen muskiete.

[Verwerk uit: Vrouekeur, 14 September 2018]

TOTAAL AFDELING B: 10



AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraag wat beantwoord moet word.
- Daar kom 'n opsetlike spelfout in die advertensie voor.

TEKS D

Skakel ons vandag nog by 011- 4657891 of stuur 'n e-pos na bkc@gmail.com om jou lantern te bestel.

(3.1) MOEG VIR MUSKIETE?

Dis tyd om die **(3.2) (nuut) MUSKIETVANGER BKC 90** aan te skaf.

Jy moet dit kry!

(3.5) Vooraad is uiters beperk!

- **(3.7)** Die lantern is herlaaibaar en koordloos.
- **(3.8)** Ontwerp om muskiete en ander lastige insekte uit jou persoonlike ruimte te verjaag.
- Perfek vir areas binne en buite die huis.
- Die lanternontwerp sal jou dekor komplimenteer en kan ook as 'n lig funksioneer.

3.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.1) en die antwoord (A–D) neer, bv. 3.1 E.

Die KOP van die advertensie “MOEG VIR MUSKIETE” is effektief omdat dit:

- A die leser betrek deur 'n vraag te vra.
- B formele taal is.
- C 'n uitroepsin is en aandag trek.
- D die advertensie oor muskiete handel.

(1)







- 3.2 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies
Dis tyd om die (nuut) muskietvanger aan te skaf. (1)
- 3.3 Dink jy die adverteerder kry dit reg om die leser te manipuleer. Skryf 'n voorbeeld van MANIPULASIE uit die advertensie neer. (1)
- 3.4 Wat moet jy doen om vir jou 'n muskietvanger te bestel? (1)
- 3.5 Vind die woord in die advertensie wat VERKEERD gespel is en skryf dit oor met die korrekte spelling. (1)
- 3.6 Kyk na die LYFTAAL van die mense in die prentjie. Dink jy die muskietvanger is effektief? Motiveer jou antwoord! (1)
- 3.7 Skryf EEN woord uit die advertensie neer wat bewys dat die lantern ook sonder elektrisiteit kan werk. (1)
- 3.8 Skryf die sin hieronder in die ONTKENNENDE VORM.
Die lantern verjaag muskiete uit jou persoonlike ruimte. (1)
- 3.9 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woord tussen hakies.
Die (dames) sit saans rustig onder die bome. (1)
- 3.10 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen die hakies in die sin hieronder.
Die lantern is die (perfek) oplossing om van muskiete ontslae te raak. (1)

[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute mag voorkom.

TEKS E

RAAMPIE 1	RAAMPIE 2
 <p>Waar op aarde kom jy vandaan?</p> <p>Ma sal my nie glo nie nie!!</p>	 <p>Ek was naby 'n klomp mense!</p> <p>Waarvan praat jy?</p>
RAAMPIE 3	RAAMPIE 4
 <p>WAT!!</p> <p>Ma het vir my gejoj! Ma het gesê mense hou niks van muskiete nie.</p>	 <p>Wel... ek weet nie van ma nie, maar hulle was mál oor my! Hulle kon nie ophou hande klap nie!</p>

[Verwerk uit: www.onlinecartoons.com]

4.1 Skryf die klein muskiet se woorde in raampie 2 oor in die INDIREKTE REDE.

“Ek was naby ‘n klomp mense.”

Begin só: Die klein muskiet sê ...



- 4.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.2) en die antwoord (A–D) neer, bv. 4.2 E.
- Die ma se woorde in raampie 1 “Waar op aarde kom jy nou vandaan?” dui aan dat sy:
- A baie bly is om die klein muskiet te sien.
B gedink het hy kuier by vriende.
C bekommerd was oor hom.
D vies is omdat hy nie betyds was vir ete nie. (1)
- 4.3 Gee die korrekte vorm van die INFINITIEF in die hakies.
- Ma muskiet het haar kind gewaarsku (nooit naby mense te kom nie). (1)
- 4.4.1 Kyk na raampie 3. Waaruit kan ons aflei dat die ma geskok is? (1)
- 4.4.2 Hoe word die klein muskiet se opgewondenheid in raampie 4 deur leestekengebruik beklemtoon? (1)
- 4.4.3 Kyk na die LYFTAAL van die klein muskiet in raampie 4. Wat laat jou dink dat hy baie opgewonde is? (1)
- 4.5 Kies die korrekte sinsdeel tussen die hakies om die sin korrek mee te voltooi.
- Die mense het hande geklap, omdat hulle (baie van die klein muskiet gehou het/hom wou doodslaan). (1)
- 4.6 Verbeter die sin deur ‘n ANTONIEM vir die woord tussen hakies te gee.
- Ek was (naby) van ‘n klomp mense af. (1)
- 4.7 Kies die korrekte WERKWOORD tussen die hakies.
- Dit is belangrik om na jou ma te (hoor/luister) (1)
- 4.8 Gebruik die HOMONIEM van die onderstreepte woord in ‘n sin sodat die betekenis daarvan duidelik is.
- Ek mag nie naby hulle vlieg nie. (1)

[10]

VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die teks (TEKS F) en die prent (TEKS G) gebasseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

TEKS F

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

BLOEDSUIERS

Die somer is (5.1.1) om die draai. Waar daar reën val en waterpoele staan, broei daar muskiete uit. Die muskiet is die (5.1.2) mini-vampier van die insekteryk. Hulle kom voor op warm, matige en selfs die (5.1.3) (koud) plekke. Muskiete is die draers van, van die gevaarlikste siektes (5.1.4) ... die wêreld. Hulle hou van staande water, maar vermy water in (5.1.5) (rivier). (5.1.6) Wees bewus van die gevare. Jy kan jou geliefdes beskerm teen muskiete. (sodat) Dit is altyd die wyfies van die spesie wat bloed drink en siektes dra. Die mannetjies is (5.1.7) skadeloos en leef gemiddeld vyf tot sewe dae. (5.1.8) Muskiete val mense aan. (5.1.9) Daar is al 3500 spesies muskiete geïdentifiseer. (5.1.10) Muskiete oorleef in ysige toestande. Hulle ontwikkeling is gewoonlik (5.1.11) (vinnig) maar dit word vertraag totdat dit warm genoeg is vir hulle om uit te broei. Wyfies lê tot 200 eiers gedurende hul (5.1.12) (lewe+siklus). Muskietwyfies (5.1.13) (blitsig die bloed kan) van hul slagoffers uitsuig. Sonder die voedingstowwe wat in bloed voorkom, kan hulle nie eiers lê nie. Muskiete is (5.1.14) (meesterlike) jagters en spoorsnyers.

- 5.1.1 Wat beteken die uitdrukking **om die draai**? (1)
- 5.1.2 Verduidelik wat die funksie van "mini" by die woord mini-vampier is. (1)
- 5.1.3 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.
Hulle kom voor op warm, matige en self die (koud) plekke. (1)
- 5.1.4 Vul die korrekte VOORSETSEL in.
Muskiete is draers van, van die gevaarlikste siektes ... die wêreld. (1)
- 5.1.5 Gee die MEERVOUD van die onderstreepte woord in die sin hieronder.
Hulle hou van staande water, maar vermy water in rivier. (1)



- 5.1.6 Verbind die sinne hieronder deur gebruik te maak van die VOEGWOORD tussen hakies.
Wees bewus van die gevare. Jy kan jou geliefdes beskerm teen muskiete. (sodat) (1)
- 5.1.7 Verdeel die woord tussen die hakies in LETTERGREPE.
Die mannetjies is (skadeloos) en leef gemiddeld vyf tot sewe dae. (1)
- 5.1.8 Skryf die sin hieronder in die LYDENDE VORM.
Muskiete val mense aan. (1)
- 5.1.9 Verander die sin hieronder in 'n VRAAGSIN.
Daar is al 3500 spesies muskiete geïdentifiseer.
Begin so: Hoeveel ... (1)
- 5.1.10 Skryf die sin hieronder oor in die VERLEDE TYD.
Muskiete oorleef in ysige toestande. (1)
- 5.1.11 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.
Hulle ontwikkeling is gewoonlik (vinnig). (1)
- 5.1.12 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen die hakies.
Wyfies lê tot 200 eiers gedurende hul (lewe+siklus). (1)
- 5.1.13 Skryf die sin oor met die korrekte WOORDORDE van die woorde tussen hakies.
Muskietwyfies (blitsig/die bloed/kan) van hul slagoffers uitsuig. (1)
- 5.1.14 Gee 'n SINONIEM vir die woord tussen hakies.
Muskiete is (meesterlike) jagters en spoorsnyers. (1)



TEKS G

5.2.1 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Daar is groot goggas en klein (goggas) rondom die seuntjie. (1)

5.2.2 Voltooi die sin hieronder deur die korrekte TELWOORD in te vul.

Die spinnekoppe het ... pote en die insekte het ses pote. (1)

5.2.3 Dink jy dat die sin hieronder 'n voorbeeld van STEREOTIPERING is? Verduidelik.

Alle mense is bang vir goggas. (1)

5.2.4 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies.

Die seuntjie het 'n (vliegplak/vlieëplak) in sy hand. (1)

5.2.5 Wat, in die prentjie, laat jou dink dat die seuntjie baie bang is? (1)

5.2.6 Dink jy dat die hond die seuntjie sal kan help.

Motiveer jou antwoord met iets wat jy in die prentjie waarneem. (1)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80